Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 01/03 2019

Geagte Ouers/Voogde

1. **Spelling B- en Math24-kompetisie:**
   Drie dogters in gr.6, Luzandi O'Connel, Elaine Coenraad en Caty Jonck, het op Donderdag 28 Februarie aan die Koukamma- biblioteekweek, se Spelling B-spankompetisie, deelgeneem en 'n tweede plek behaal.

   Darnell Wagenaar en Christel Jonck het die skool verteenwoordig by die Math24-kompetisie vir gr.9-leerders. Darnell het die kompetisie met sy blitsige antwoorde gewen en neem op 6 Maart aan die volgende rondte op Grahamstad deel.

   Baie geluk aan al hierdie leerders wat Hoërskool McLachlan se naam hoog gehou het.

2. **Wiskunde-ekstraklasse:**
   Daar sal geen Wiskunde-ekstraklas vir gr. 6- tot 9-leerders vir die res van die kwartaal wees nie.

3. **Matriekafskeidfondsinsameling – gholfdag:**
   Die graad 11-leerders gaan 'n gholfdag by die gholfklub op 27 April 2019 hou om fondse in te samel om vir ons graad 12's 'n onvergeetlike matriekafskeid te hou. Daar sal ook eetgoed en kindervermaak wees. Ons vra dat ons skool en ouers die dag sal kom ondersteun. Besprekings: Ferrol Knowles 078 6516 880

4. **Dans:**
   Die eerste rugbyspandans vind op 8 Maart by Die Kraaltjie plaas met Karlien Husselman as gaskunstenaar. Kom geniet die aand saam met ons teen R80 per persoon. Bring jou eie eetgoed. 'n Kontantkroeg sal beskikbaar wees. Kontak Rieco by 082 780 9090 vir kaartjiebesprekings.

5. **Onvoorbereide redenaars:**
   Almal is welkom om vir klas na skool op Woensdag te kom. Dit duur van 14:30 tot 15:30. Dit is verpligtend vir leerders wat onvoorbereid by die ATKV–redenaars gaan praat.

6. **Kunsklasbenodigdhede:**
   Die volgende word vir die kunsklas benodig:
   - Joghurt-bakkies

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

- Polistereen bakkies

Dit sal waarder word indien u vir ons daarmee behulpsaam kan wees.

7. **<u>Sportnuus</u>:**
Ouers/voogde word vriendelik, dog dringend, versoek om afskeurstrokies vir die bywoning van sportbyeenkomste, wat dien as vrywaring dat ‘n leerder op ‘n bus mag ry, die dag na ontvangs, volledig te voltooi en terug te stuur skool toe. Sonder hierdie afskeurstrokie word geen leerder toegelaat om op die bus te ry nie.

- <u>Krieket</u>:
Wedstryde vir volgende week as as volg:

0/11:	Dinsdag, 5 Maart, @ LS Gamtoos	(weg)
0/13:	Donderdag, 7 Maart, @ Hankey Primêr	(weg op VCS-veld)

- <u>Tennis</u>:
Wedstryde vir volgende week is as volg:
Meisies en Seuns: Woensdag, 6 Maart vs Framesby (weg)

- <u>Atletiek</u>:
Baie geluk aan Anton van der Mescht wat in die Sarah Baartman-hoërskole-atletiekspan opgeneem is. Hy is ‘n kranige spiesgooier en ons wens hom alles van die beste toe. Hy neem op 7 Maart in Port Elizabeth deel.

Baie sterkte aan die volgende atlete wat eerskomende naweek in Cradock gaan deelneem:

o Naude Meyer	0/10	Hoogspring
o Laura-Lee Pieterse	0/12	100m; 75mH en 150mH
o Elri van Jaarsveld	0/13	200mH

McLachlan se afrigters is trots op julle.

Baie geluk aan die atlete wat tydens die HS Sarah Baartman-atletiekbyeenkoms, medaljes verower het:

Vroue 19:	Tiffeney Lyons	1ste SW; 2de SG
S 0/15:	Jaco Mostert	2de HG; 2de SG
S 0/17:	Zack Strydom	2de HG
S 0/15:	Chris Tshambo	3de SG
S 0/15:	Gerrit Vorster	3de HG
S 0/14:	Keagan de Lange	1ste HG
S 0/14:	J.P. Gerber	1ste SW
D 0/17:	Egail Matshualana	3de HG
D 0/17:	Bernithe Uithaler	3de HS
D 0/15:	Nakita Windvogel	2de SG
D 0/14:	Taryn Uithaler	2de SG
D 0/14:	Adri van Wyk	2de GS
D 0/14:	Taryn Koelman	3de SG
Mans 19:	Anton v.d. Mescht	1ste SG

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

Baie dankie aan al die afrigters wat so gereeld by afrigting betrokke was. Baie dankie aan me. Mia Koorzen vir haar uitstekende afrigting in hamergooi.

- HS Wittedrift-sportdag: Saterdag, 2 Maart:
  Deelnemende spanne: Rugby: 0/16; 0/19
  Netbal: 0/14; 0/15; 0/16; 0/18

	Hino-bus: [Martiens] Toesighouer: Viginia	Quantum: [Steve]
Misgund:		04:25
Louterwater:	04:00	
Krakeelrivier:	04:10	
Skool:	04:20	
Ravinia:	04:30	

- HS Paul Sauer-sportdag: Saterdag, 9 Maart:
  Deelnemende spanne: Rugby: 0/16; 0/19
  Netbal: 0/14; 0/15; 0/16; 0/18

Bustye sal volgende week bekendgemaak word.

Stan Pienaar

Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
stan@hsmclachlan.co.za
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Cell: +27 (0) 83 546 2788
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za
McLachlan Internet Fasiliteit Borg